4-30. E3.17.1

<u>**SAKE 24**</u>

Een van die verblydendste ontwikkelinge in die "nuwe Suid Afrika" is hoe openbare debat verbreed en divers geraak het, veral in die Afrikaanssprekende Taalgemeenskap. Natuurlik hou dit o.a. verband met die verlies aan politieke mag, en nou, die totale verdwyning van die Nasionale Party. Tydens die bewind van hierdie party was daar 'n sterk aandrang op, en selfs af dwing, van "politiek korrekte" optrede en uitsprake. By my is daar geen twyfel dat die oorlewing en bloei van 'n Afrikaanssprekende Taalgemeenskap sterk gaan afhang van die bestendiging en uitbreiding van hierdie debat, veral ook in die perswese.

Een van die verskynsels wat nou weer lewe gekry het, is die debat rondom "Afrikaner" wees. In Lit Net, 22 Maart, pak iemand met die skuilnaam "Kreef" my, en dr Alan Boesak aan, na aanleiding van 'n radio-debat op RSG. Dit is omdat ons vir prof Danie Goosen vra wat is die definierende kenmerk van 'n Afrikaner. "Kreef" is heeltemal geirriteerd met hierdie vraagstelling en sê ergelik: "Waarom kan ons nie 'n eksklusiewe wit volk wees binne die nasie nie? Waarom is ons so bang om te wees wie ons is, nl. 'n Afrikaansprekende Wit Volk binne die nuwe Suid Afrika ens." (Terloops, dit is moeilik om met 'n gesiglose mens in openbare debat te tree. "Kreef" kon net sowel 'n Xhosa, Kleurling of Asiër wees wat net moedswillig is. Ek is hom/haar? dankbaar dat hy/sy ten minste sê wat 'n Afrikaner is en dus vir my moontlik maak om te sê, dan is ek nie een van sy/haar soort nie.

Eintlik is die generiese vraag: Wat is "wit" of "Kleurling" of "Swart", of "Afrikaan"? In die ou Suid-Afrika, toe ek nog in die Parlement was, het ek, in terme van die Bevolkingsregestrasiewet gehelp om Kleurlinge "wit" te maak; om "Swartes" kleurling te maak maar nooit wittes "Kleurling" te maak nie. Daar was egter 'n jong "wit" Afrikaner wat wou hê ek moes help om hom "Kleurling" te maak omdat hy verlief was op 'n meisie van Maleise afkoms (dus "Kleurling".) Die Minister wou niks hiervan weet nie omdat die jong man van 'n "goeie Afrikanergesin in die Kaap kom" en in elk geval, "daar alreeds te min van ons is".

Kreef kan hom/haar ook 'n guns bewys om te probeer vasstel wat is " 'n African". President Mbeki het aanvanklik gesê enige Suid-Afrikaanse burger is 'n "African". Dit was net 'n paar jaar later wat die regering begin praat het van "Africans" en "Blacks". Volgens die BBBEE - wetgewing is "Black: a generic term which refers to Coloureds, Asians and Africans." Skielik is 'n "African" 'n heel eksklusiewe soort "Swart" mens, maar die Wet sê nie vir jou wat, in regsterme, 'n "Swart" of "African" is nie. Soos Kreef sal sê: "Ons weet mos! Vir wat vra ons sulke nonsens vrae?"

Sonder om pedanties te wil wees, moet ek net daarop wys dat die begrip "ras" geen verifieerbare wetenskaplike inhoud het nie. Dit word sonder meer so in argeologiese navorsing aanvaar. Dit beteken nie dat groeperings van mense nie die begrip ras toe-eien vir bepaalde gemeenskaplike doeleindes nie. Dit het veral in die ou Suid-Afrika gebeur, en gebeur ook nou in die "nuwe Suid-Afrika". En omdat dit gebeur, sal "rassisme" 'n noodsaaklike maatskaplike euwel bly. Prof. Danie Goosen en andere in Solidariteit en Afriforum probeer juis om ras uit Afrikanerskap te besweer, en ek verwelkom dit. Maar dan rus die onus op diégene om, anders as Kreef, 'n nuwe inhoud aan die begrip Afrikaner te gee. 'n Nie-rassige geworstel met die begrip Afrikaner binne die veel groter Afrikaanse Taalgemeenskap is te verwelkom. Die rasse eksklusiewe gebruik van die begrippe Afrikaner en African is maar net nog 'n manier om die rassisme van die verlede te laat voortleef in die hede.

Suid-Afrika se demografiese samestelling bevat 'n diversiteit van veranderende gemeenskappe, b.v. agv. Industrialisasie en moderniteit is die Xhosa, Zulu, Indiër, Kleurling, Afrikaner van gister nie meer dieselfde as vandag nie. Yengeni kan soveel beeste doodsteek as wat hy wil, maar hy is net so min 'n tradisionele Xhosa as wat ek 'n feeprinses is. Iemand het eenkeer gesê: "An ethnic or cultural group is an imagined community." Juis omdat die veelheid van groeperings 'n verbeelde element bevat b.v."'n Afrikaner is deel van 'n wit volk" ens., sal daardie verbeelding moet aanpas by tegnologiese en industriële ontwikkeling. Per slot van sake, daar is nie 'n spesikieke Xhosa - of Afrikaner - manier om 'n Boeing te vlieg nie. B.v. as Jan F.E. Cilliers in die

dertiger jare kon dig dat hy "Hou van 'n man wat sy man kan staan" en dis iemand wat "Die Baster geslag in sy siel verag", dan kan ons (?) sê, ons(?) verstaan wat hy wou sê (rêrig Kreef?) maar sal dit moeilik vind om dit vandag so sterk te stel (of hoe dan Kreef?).

F V Z SLABBERT